NG KERK IN OOS-KAAPLAND SINODE 2016
BESKRYWINGSPUNT B1. SELFDEGESLAGVERHOUDINGE.

Die sinode besluit soos volg:

1. Die sinode bely haar onvermoë om tot bevrediging van almal 'n standpunt m.b.t. selfde-geslagverhoudinge te formuleer.

2. Die sinode erken die geloofsintegriteit van haar lidmate wat in die soeke na duidelikheid van mekaar verskil.

3. Die sinode laat die ruimte aan leraars om getrou aan hulle gewete en gehoorsaam aan die Skrif, soos hulle dit verstaan, te handel, en ondersteun beide groepe in die skep van ruimtes en instrumente om so te kan handel. (Die sinode doen aansoek namens leraars wat so versoek om 'n lisensie by die Departement van Binnelandse Sake.)

4. Die sinode bely met oortuiging haar eenheid in Christus, en verbind haar daartoe om mekaar so vas te hou en te respekteer.

5. Bewus van haar eie gebrokenheid en nood aan die genade van God kan die sinode nie anders as om in erkenning van ons eie gebrokenheid en die gebrokenheid van ons konteks en wêreld, met genade en begrip om te gaan met mense en sake, wat roep om begrip en sorg nie. Die bewussyn weerhou ons van oordeel, ook oor mekaar.

6. Die sinode verbind haar daartoe om voort te gaan met ons roeping om te luister en te leer, totdat ons beter verstaan en beter lief het.

Motivering:

Die debat m.b.t. die selfdegeslagverhoudinge dreig om die liggaam van Christus te skeur. Belangrik, nie die besluit van die Algemene Sinode van 2015 nie, maar wel die debat! Die debat lê die onderliggende onverdraagsaamheid van lidmate teenoor mekaar bloot. Die een groep verdink die ander van oneerlike hermeneutiek, en selfs erger, godloosheid, asof die ander nie erns maak met die heiligheid van God en die gesag van die Skrif nie. Die ander groep beskuldig die wat van hulle verskil van selfsugtige, liefdelose of oningeligte bedoelings, asof daar nie erns gemaak word met die wil van God en die voorskrif om lief te hê nie.

Tekste word aangehaal, eksegese word aangebied, en met presies dieselfde tekste word beide groepe se standpunte onderskryf. Wanneer twee groepe met dieselfde tekste by twee verskillende standpunte uitkom, is verdere (ander) instrumente nodig.

Paulus se briewe maak baie van die onhoudbaarheid van lidmate wat hulle in verskillende groepe teenoor mekaar stel op grond van die verskille tussen hulle. (Die een van Paulus en die ander van Apollos – 1 Kor. 3.) Dat lidmate mekaar moet koester, die verskille ten spyt, is duidelik. Dit is ook duidelik dat die een nie vir die ander nuwe wetsvoorskrifte moet formuleer nie. (Besnydenis bv.) Die eis om eenheid, verdraagsaamheid en respek, oorspan verskille! (Joh. 17)

Dit lyk vir ons belangrik dat die werkswyse wat Nara Tisdale (2008) in haar boek *Prophetic Preaching*, tydens 'n debat te Princeton oor die bepaalde onderwerp, geformuleer het, deur ons ter harte geneem behoort te word: “If you are going to respond to the point of view of someone who differs from you in this discussion, you need to be able to state your opponents position so clearly and so fairly, that your opponent could say, 'yes, that is what I mean'. Only then are you free to argue your own position.”

Daarom sou dit belangrik wees dat die sinode, eerder as om 'n formele standpunt m.b.t. selfdegeslag verhoudinge te formuleer, eerder 'n verbintenis tot mekaar en die behoud van die eenheid van die kerk behoort te formuleer, in die erkenning van die feit dat ons op die stadium nie tot 'n duidelike, eenstemmige besluit kan kom nie.

Dit is ook belangrik dat die geloofsintegriteit van beide groepe erken word en aan beide ruimte gelaat word vir die uitdrukking van hulle oortuigings, sonder om die ander tot ketter te verklaar.

Die Kerkrade van die NG Gemeentes Molteno en Sterkstroom
Ring van Burgersdorp